

Gereformeerde Kerk Bellville – 28 Mei 2017 – Nagmaal

Sing vooraf staande: Skrifberyming 17-1:1, 6 (Sb 17)

- 1 Wees nie besorgd nie oor jul lewe, / oor wat die harte neerwaarts trek:
“Wat sal ons eet, waar vind ons laafnis? / Wie skaf die kleed wat ons moet dek?”
Is lewe^{en} liggaam dan nie meer nie / as alles wat net kommer wek?
- 6 Soek eers die koninkryk der heemle / en Gods geregtigheid; dan laat
Hy seën druppel uit die hemel – / vir elke dag die dag se maat.
Want elke dag dra self die sorge / vir elke dag se nuwe kwaad.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 113:1, 2 (p. 559)

- 1 Hef aan, Gods knegte, loof verblyd, / van nou af tot in ewigheid,
die Naam en roem van God die HERE. / Bring Hom van waar die môre straal,
tot waar die sonlig saans weer daal, / die lof, aanbidding, prys en ere!
- 2 Die HEER wat in die hemel woon, / wat bo die wêreldvolke troon,
is hoog, met heerlikheid omgewe. / Ja, wie is hoog soos onse HEER
Nogtans sien Hy genadig neer / op wie voor Hom in kleinheid lewe.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe^{en} skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Gebed

Psalm 74:1, 8, 9 (p. 372)

- 1 Waarom, o God, vind ons geen medely? / Waarom verdryf u toorn ons altyd verder?
Ons is u kudde, U die kuddeherder / wat deur u hand ons uit en in wou lei.
- 8 Hoe lank, o God, sal nog die teenparty / ons smaad en tart? Sal dan in ewighede
u Naam beskimp word in sy lasterrede? / Wat toef U nog en trek u hand tersy?
- 9 Streck uit u hand, die regterhand so sterk, / vernietig hul, die skenders van u woning!
U is, o God, van ouds af tog my Koning, / U wat op aard' verlossingswonders werk.

Skriflesing: Daniël 9:1-19

Kernverse: Daniël 9:19

**Here, hoor! Here, vergeef! Here, merk op en doen dit, vertoef tog nie,
om U ontwil, my God; want u Naam is oor u stad en u volk uitgeroep.**
(Daniël 9:19 AFR53)

Tema: Here, let tog op u belofte en maak dit gou waar!

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons keer vanoggend terug na die gebed van Daniël. Met hierdie gebed het die Heilige Gees ons verlede week gelei tot diepe ver-

ootmoediging voor die Here. In die dae waarin ons tans verkeer hoor ons voortdurend stemme opgaan dat daar gebid moet word. Die droogte en waterskaarste laat mense uitroep – ons moet bid! Die onrus en betogings met die gepaardgaande geweld laat mense uitroep – ons moet bid! Die misdaad en bendeoorloë op die vlakte laat mense uitroep – ons moet bid! Maar waarvoor moet ons bid?

Wanneer 'n mens so 'n vraag vra, sal mense jou aankyk of jy onnosel is. Dit is mos voor die hand liggend waarvoor ons moet bid. Bid vir reën, bid dat die owerheid hulle verantwoordelikheid nakom, bid dat daar vrede op die Vlakte moet kom. Ja, dit is alles reg en geldige sake waarvoor ons moet bid en ons mag daarvoor bid. Maar waarom gaan ons daarvoor bid? Moet ons daarvoor vra, sodat ons weer rustig en kalm kan wees en die lewe vir ons in die sonnige Suid-Afrika weer lekker kan wees?

Dit is tog interessant om op te merk hoe dit met Daniël gebeur het. Die tye waarin hy geleef het was ook nie alte gemaklik nie. Miskien was dit nog slegter as wat ons tans beleef. Alhoewel hy in diens van die koning van Persië was, was hy steeds 'n balling. Saam met sy volksgenote is hulle van huis en haard en vryheid ontnem. Boonop is hulle van hulle land en hulle tempel ontnem. Hulle kon die Here nie meer in besonder deur offers dien nie. So onlangs as 'n jaar vantevore het die Perse die wêreldheerskappy van die Babiloniërs oor-geneem. Hierdie magsverskuiwing het dit nie beter gemaak nie. Die een wêreldse koninkryk is soos die ander – korrup en wispelturig.

Natuurlik het hierdie ongemaklike omstandighede ook daartoe bygedra dat gelowiges hulle toevlug tot gebed geneem het. Uit vorige hoofstukke weet ons dat Daniël self 'n ywerige bidder was. Hy het elke dag drie maal tot God gebid. Maar die omstandighede het hom nie net ywerig gemaak om te bid nie. Omdat hy in 'n intieme verhouding met die Here geleef het, het hy ook geweet dat God alles regeer – ook hierdie nuwe verwickelinge. Daarom het die omstandig-hede hom nie net aangespoor om te bid nie, maar ook gemaak dat hy na Here gegaan het om uit sy Woord begrip te kry vir die omstandighede in die wêreld. Dit is toe hy met die nuwe verwickelinge op die wêreldtoneel in gedagte weer uit Jeremia lees dat hy weer duidelik uit die mond van die Here hoor: Jerusalem sal vir 'n volle sewentig jaar in puin lê.

Daniël wat sovele wonderlike openbarings van die Here ontvang het en aan wie die engele van die Here so dikwels verskyn het, het nie sy Bybel weggebêre nie. Afgesien van die openbarings en gesigte wat hy ontvang het, het die Bybel vir hom altyd die eerste plek gebly waar hy die stem van die Here kon hoor.

En in die profesie van Jeremia lees hy hierdie regverdige maar tog troosryke woorde: Jerusalem sal 'n volle sewentig jaar in puin lê. Die ou profeet weet die grootste gedeelte van hierdie sewentig jaar is al verby. Die tyd van herstel is nou naby.

Die natuurlike ding vir Daniël om te doen, sou seker wees om te begin voorbereidings tref vir die aanstaande vertrek terug na Jerusalem toe. Die tydperk van die ballingskap staan tog swart op wit geskryf. Daniël het dit met sy eie oë gelees en die verwickelinge op die wêreldtoneel stem ooreen met die profesieë van Jeremia.

In plaas daarvan om te begin pak vir die aanstaande vertrek terug na Jerusalem toe, dring die Woord van God hom om te bid. Sy gebed klink soos die gebed van iemand wat nie weet van die belofte van die Here nie. Hy bid asof dit nog donkernag is en nie asof die skemering van die bevryding alreeds deurbreek nie. Dit is 'n gebed van hartgrondige skuldbelydenis. En die gebed bereik sy hoogtepunt in ons kernvers:

Here, hoor! Here, vergeef! Here, merk op en doen dit, vertoef tog nie, om U ontwil, my God; want u Naam is oor u stad en u volk uitgeroep.
(Daniël 9:19 AFR53)

Die skuldbelydenis van Daniël is aangrypend, want die ellende van Jerusalem is nie net die voorgeslag se skuld nie maar ook syne. Egte skuldbelydenis skuif die skuld nooit af op iemand anders nie. Dit is nie die Joodse Raad en Pontius Pilatus se skuld alleen dat Jesus uiteindelik lewendig gekruisig is nie. Dit is my en jou skuld ook. Ons sondes het veroorsaak dat Christus die uiterste lyding onder die toorn van sy Vader gely het.

In sy skuldbelydenis het Daniël die Here gesmeek om sy en die volk se saak – hulle ellende en vernedering – ook die Here se eie saak te maak. Here, het hy gesê, u Naam is oor
u
volk uitgeroep. Hoor tog en vergewe tog! En nou na die skuldbelydenis gaan Daniël eers verder om vir die Here te vra: Here, let tog op u belofte en doen dit, vertoef tog nie, om U ontwil, my God.

Wat is hierdie belofte van die Here? Dit is die herstel van Jerusalem. Die Here se regverdige Woord wat gesê het dat Jerusalem sewentig jaar in puin sal lê, is ook die belofte dat die ellende verby sal gaan. Maar is hierdie gebed dan nie oorbodig nie? God het mos belowe. Kan die gelowige nie maar net geduldig wag dat die Here sy belofte waar laat word nie?

Geliefdes, ons moet nooit vergeet nie – die gebede van die gelowiges is die geleidrade waarlangs God sy beloftes van die hemel tot op die aarde laat daal. God wil sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank. Die Here stel sy beloftes langs die weg van gebed tot gelowiges se beskikking. Om hierdie eenvoudige rede is hierdie gebed van Daniël dan noodsaaklik. Hy bid nie ondanks die belofte nie, maar danksy die belofte bid hy hartstogtelik tot die Here.

Wanneer Daniël dan bid, bid hy nie omdat hy dink dat God nie sal doen wat Hy belowe het nie. In hierdie gebed op grond van die belofte – die herstel van Jerusalem wat God se saak is – maak Daniël nou God se saak ook sy eie saak. As 'n mens hierdie gebed van Daniël vir die herstel van Jerusalem in die taal van die Nuwe Testament moet uitdruk dan sal dit so klink: Kom, Here Jesus, ja kom gou!

Oor die algemeen bid gelowiges baie makliker en dringender wanneer dit oor hulle sake gaan. Wanneer dit kom by liggaamlike en emosionele nood, word daar hartroerend gebid. Maar dit is opmerklik hoe stil word die gelowiges wanneer dit kom by die saak van die Here. Die Heilige Gees leer ons vanoggend met hierdie gebed van Daniël hoekom gelowiges vandag steeds God se saak hulle saak behoort te maak.

Daar is geen getuienis dat Daniël ooit teruggekeer het na 'n herstelde Jerusalem nie. Toe Daniël immers gebid het om die herstel van Jerusalem was dit nie sodat hy ook kon deel in die rus en vrede van die bevryding nie. Die profeet het hoër belange as sy eie stoflike voordeel ingedagte.

Die puinhope van Jerusalem was vir die heidene iets lagwekkends. Hulle het nie vir Israel uitgelag nie, maar vir Israel se God. Met hulle gelag het gespot dat God magteloos is. Die Babiloniërs het die Israeliete weggevoer in ballingskap en God was kamtig nie by magte om sy volk te beskerm nie. Wat nog te sê om hulle weer te herstel en terug te bring na Jerusalem. Dit is hierdie dinge wat Daniël besorgd gehad het.

Daarom smeeek hy dringend: Here, dink aan u belofte en doen dit gou, nie ter wille van Israel nie, maar om U ontwil, my God. Daniël bid dat die Here Jerusalem sal herstel sodat Hy sy eie Naam daardeur kan verheerlik en die heidene se monde kan snoer. Wanneer Jesus Christus terugkom op die wolke van die hemel, sal Hy sy kerk herstel tot volmaaktheid en al sy vyande sal aan sy voete neergewerp wees. Elke knie sal buig en elke tong sal bely: Jesus is Here, tot eer van God die Vader.

Daarmee betree ons juis die omstandighede waarin ons as kerk van Christus vandag verkeer. Uit duisende gelowiges se monde klink die gebede op: Here, let op u belofte en maak dit gou waar. Maar wat is die inhoud van die woordjie *dit* in ons gebede? Ja seker, ons dink aan die beloftes van die Here se sorg. Daarom sal die woordjie *dit* ons emosionele en liggaamlike nood wees. Ons sal bid dat daar vreedzaamheid terugkeer in ons brandende land en ons sal bid vir reën. Ons sal bid vir die behoud van die Here se kerk en om die vryheid te behou sodat ons Hom ongehinderd kan bly dien.

Dit is alles geoorloofde gebede en ons moenie omhou om dit te smeeek by ons Vader in die hemel nie. Maar daar kan ons nie ophou nie. Die Here het sy Naam oor sy kerk uitgeroep en oor elke ware gelowige kind van Hom. Maar hoe lyk die kerk van die Here vandag? Sy lyk inderdaad nie soos die bruid van Christus nie. Daar is nog so baie vlekke en rimpels aan haar gesig. Haar lewe toon nog so baie gebreke – gebrek aan vertrouwe in die Here, gebrek aan liefde vir God en haar naaste.

En wat doen die heidene wanneer hulle hierdie afgeleefde gesig en krom figuur sien – hulle lag en spot. Hulle lag en spot nie met die kerk nie maar met die Here, die Bruidegom van die kerk. En al laggende loop hulle van die kerk af weg en maak grappe oor die boodskap van lewe wat deur die kerk verkondig word. Hulle maak grappe van die kruis van Christus, asof dit die finale nederlaag was van die Koning van die konings. En in hulle verwaandheid gaan sit die wêreldse mense op die troon en dink hulle regeer en beheer alles in hierdie lewe. Spottend vra hulle: As alle mag in die hemel en op aarde dan aan Jesus gegee is, hoekom is daar soveel geweld en seerkry in hierdie wêreld? Ons sal die wêreld 'n beter plek maak, want dit lyk asof julle Here dit nie kan doen nie.

Hierdie onreg wat ons Here aangedoen word, moet ons grootste smart wees, broers, susters en kinders. Mag ons grootste kommer nie ons veiligheid en liggaamlike welwese wees nie, maar die heerlikheid van ons troue God se Naam.

Hy het jou en my ellende sy eie ellende gemaak. Christus het sondaars se saak sy saak gemaak en daarvoor die regverdige oordeel van God ontvang. Hier op die tafel voor ons is die tekens daarvan. Sy liggaam is gebreek en sy bloed is gestort toe Hy helse smart en pyn en bange Godverlatenheid gely het omdat Hy jou en my saak sy saak gemaak het.

Wanneer die Heilige Gees ons dan lei en by die tafel van die Here bring, lei Hy ons ook om God se saak ons saak te maak. Wie aan die tafel van die Here gaan, neem homself voor om met sy hele lewe dank aan God te bewys om opreg voor Hom te wandel en in ware liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe. Dit is 'n voorneme om in alle opregtheid die Here te gehoorsaam en so sy Naam te verheerlik.

Mag die verlange na die bruilofsmaal van die Lam wat die Gees met hierdie nagmaal in jou hart opwek ook jou en my dring om onophoudelik te bid: Here, let op u belofte en maak dit gou waar om U ontwil, my God.

Amen!

Gebed

Psalm 69:12, 13 (p. 345)

- 12 Al is ek, HEER, in pyn en nood, / u hulp sal soos 'n skild verrys!
Daarvoor bring ek U lof en prys, / ek maak U in my danklied groot.
Dit sal die HERE allermees / as offer welgevallig wees.
- 13 Sagmoediges sal dit aanskou / en bly wees as hul dit beleef.
Laat dié wat hul tot God begeef, / herleef, met frisse krag bedou.
God hoor hul wat behoefdig is / en kwyn in die gevangenis.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Aan tafel: Skrifberyming 11-3

Met die terugbeweeg: Skrifberyming 11-1

Psalm 116:9, 10 (p. 570)

- 9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:
my bandeⁿ is los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 Mei 2017